ADOLF KOHL

~ God Bless His Soul ~

Cape-Orange Diocese (ELCSA)

www.elcsacod.co.za

No Picture Available

Full Names	**Karl Gustav Adolf Kohl**

The following synopsis was retrieved from a book titled *"The Berlin Missionaries in South Africa and their Descendants"* (1984).

Karl Gustav Adolf, * Schweidnitz, Silesië 26.12.1882, † Kaapstad 19.1.1951, s.v. Karl Heinrich Hermann Kohl en Auguste Pauline Pohl, x Kimberley 30.10.1912, Anna Augusta Frieda JACOB, * Szelejewo, Posen 23.8.1892, †4.5.1974.

Adolf was die vyfde kind van 'n musiekmeester wat sterf toe Adolf slegs vier jaar oud was. Die moeder moes gaan werk om haar gesin te versorg en Adolf bring gevolglik sy jeugjare deur in die Schweidnitz weeshuis. Hy was sy hele lewe lank dankbaar teenoor die weeshuis en het in die swaar tyd na die Eerste Wêreldoorlog toe daar hongersnood in Duitsland was, ywerig goedere in Suid-Afrika vir o.a. dié weeshuis ingesamel.

Adolf ontvang opleiding as tuinier. Sy belangstelling vir die sending word opgewek deur die sendingfeeste wat in Duitsland gehou is, en op 1.10.1904 begin hy met sy opleiding as sendeling aan die Sendinginstituut in Berlyn. In 1909 slaag hy die eerste eksamen en vertrek as sendeling na Suid-Afrika. Voor sy vertrek raak hy verloof aan sy toekomstige vrou — sy was net sestien jaar oud en haar streng vader het beveel dat sy eers op twintigjarige leeftyd haar bruidegom na Suid-Afrika mag volg.

Adolf het intussen op die stasie Anhalt-Schmidt, in die Kaapprovinsie by die sendeling Kottich gewerk. In 1912 gaan hy na Potchefstroom om die werk daar oor te neem van die bejaarde Köhler. Op pad na Potchefstroom bevestig eerwaarde Brune Adolf en sy bruid op Kimberley in die huwelik.

In Potchefstroom beleef die Kohls die Eerste Wêreldoorlog. Hy word nie geinterneer nie, omdat hy 'n lektorspos in Duits aan die Potchefstroomse Universiteit beklee het. Hy beklee ook 'n pos in die Universiteitsbiblioteek en verdien so geld wat die sending baie help in die tyd toe daar as gevolg van die oorlog geen geld uit Duitsland gekom het nie. By sy graf, dertig jaar later, het die rektor van die Universiteit, prof. J.C. van Rooy, sy dank uitgespreek teenoor Adolf, wat 'n persoonlike vriend van hom was, vir die goeie werk wat hy gelewer het.

In 1925 word Adolf na Boksburg verplaas, waar hy die Oos-Rand bedien en na Kuschke se dood in 1927, die hele Witwatersrand. Gedurende 1929-30 is die hele familie met tuisverlof na Duitsland. Met sy terugkeer na Suid-Afrika woon Adolf in Kaapstad waar hy tot sy dood onder die Kleurlinge sendingwerk doen. In 1933 volg hy Schulz op as superintendent van die Kaapse Sinode. Ook gedurende die Tweede Wêreldoorlog word hy nie geinterneer nie, omdat sy Kleurlinggemeentes verklaar dat hulle nie sonder hom kan klaarkom nie. Sy werk in Kaapstad, met die hulp van getroue Kleurlingmedewerkers soos Sydney Lombard, George Gölding en Hendricks, was besonder geseënd.